Beeldartikel 23 Junie 2004

Deur Mariana Malan

LAURIKA IN BEKENDE TRANT

Daar is kunstenaars wie se werk nie eintlik meer onder die vergrootglas geplaas behoort te word nie. Dis net as hulle ná dekades skielik buite hulle aard begin rock of werklik droogmaak dat hulle ongenadig ontleed en bespreek moet word.

Daar moet eerder net met respek kennis geneem word van díe wat deur die jare bewys het dat hulle nie werklik skeeftrap nie, dat hulle met verwagte werk van gehalte vorendag gaan kom en dat daar op elke album minstens een treffer gaan wees.

Laurika Rauch is een van hierdie kunstenaars. Haar nuwe album, *My ou Tante koba,* volg rusitig in die voetspore van al díe wat sy oor die afgelope 25 jaar gemaak het.

Die titelsnit kan op die oog af na die treffer van die album lyk, maar *Die Ballade van Jakob F de Beer* gaan waarskynlik die langste onthou word.

Albei hierdie snitte is uit die pen van Christopher Torr en musiek, lirieke en stem is, soos in vorige gevalle, perfekte pasmaats.

My ou Tante Koba is nie die verwagte opgekikkerde volksliedjie nie, maar eerder 'n vennoot vir *Stuur groete aan Mannetjies Roux.*

Rauch sing dikwels die werk van jong en in baie gevalle, onbekende kunstenaars. Dit wat sy vir Gian Groen met *Vier Seisoene Kind* gedoen het, gaan sy waarskynlik ook vir Riku Lätti doen. Sy sing sy liedjie *Onder jou asem* van sy album *'n Pleister vir jou nerwe.* Lätti is onder jong en meer progressiewe luisteraars bekend, maar sake kan nou welverdiend verander.

Die CD bevat 'n hele aantal nuwe verwerkings van liedjies wat sy in die verlede opgeneem het. Die snit *Stille Waters* (ook een van Torr se skeppings) was op die album *Die Gang,* wat in 1992 uitgereik is. Die nuwe vertolking van *Lord of the Dance* met die sensitiefste kitaarbegeleiding wat jy kan voorstel, is totaal 'n ander weergawe as die snit met sy Ierse klank op die album *Hei mevrou Brown (dit gaan goed)*.

In teenstelling hiermee is die *swing*erige vertolking van *Die mense op die Bus* minder suksesvol as die oorspronklike opname van die gelyknamige album. Dan is daar ook die verwerking van Koos du Plessis se *Skimme.* Dis interessant, maar Du Plessis se aanhangers kan dalk verkies dat sy werk onopgesmuk bly.

Smaak verskil, maar die meeste mense sal saamstem dat Rauch op haar beste klink met die minimum begeleidingsfoefies. Wanneer sy met klavier en kitraar saamsing is haar ryk en vol stem al wat nodig is om die prentjie te voltooi.